GRONDWET

VAN DIE

SUID-AFRIKAANSE VLAAMPERD-TELERSGENOOTSKAP

Hersaamgestelde Grondwet: 20 Junie 2006
Gewysig : 19 Junie 2007
Gewysig : 18 Junie 2008
Gewysig : 17 Junie 2009
Gewysig : 8 Junie 2013
Gewysig : 4 Junie 2016
Gewysig : 3 Junie 2017
Gewysig : 1 Junie 2019

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

WOORDOMSKRYWING **3**

KLOUSULES

1. NAAM VAN DIE GENOOTSKAP 5
2. DOELSTELLINGS 5
3. MAGTE VAN DIE GENOOTSKAP 5
4. LIDMAATSKAP 6
5. REGISTER VAN LEDE 8
6. REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE 8
7. LEDEGELD EN GELDE 9
8. BEDANKINGS, SKORSINGS EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE ... 9
9. HERAANSLUITING VAN LEDE 11
10. VERKIESING VAN DIE RAAD EN DIE UITVOERENDE KOMITEE 11
11. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD 12
12. VERGADERINGS 15
13. NOTULES VAN VERGADERINGS 17
14. FINANSIËLE BEPALINGS 17
15. LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING EN AFFILIASIE 18
16. VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGER/S TOT DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE VERENIGING 18
17. GRONDWETLIKE WYSIGINGS 18
18. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE 18
19. NIE-LEDE 18
20. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP 18
21. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET 18

ALGEMENE VERORDENINGE

1. KUDDEBOEK 19
2. VOORVOEGSEL EN KENMERKLETTER 20
3. IDENTIFIKASIE 20
4. NAME 21
5. KENNISGEWING VAN GEBOORTES 21
6. DEKKING- EN INSEMINERINGSERTIFIKATE EN DIE GESAMENTLIKE BESIT VAN HINGSTE 22
7. DRAGTIGHEIDS- EN INTERVULLINGSPERIODE 22
8. VEREISTES VIR REGISTRASIE 22
9. INSPEKSIES EN PLIGTE VAN DIE INSPEKTEUR/S 24 25
10. REKORDS VAN DIERE 25
11. REËLS MET BETREKKING TOT KUNSMATIGE INSEMINERING (K.I.) .....
12. REËLS MET BETREKKING TOT DIE OPVANG VAN EISELLE EN 26 EMBRIO-OORPLASINGS (E.O.) 27
13. INGEVOERDE EISELLE 28
14. REGISTRASIESERTIFIKATE 28
15. BEVESTIGING VAN OUERSKAP 28
16. BIO-BANK 29
17. OORDRAGTE 29
18. HERSTEL VAN DIERE IN DIE KUDDEBOEK 30
19. KANSELLERING VAN REGISTRASIE .....

GRONDWET

VAN DIE

SUID-AFRIKAANSE VLAAMPERDTELERSGENOOTSKAP

WOORDOMSKRYWING

1. Wanneer dit in hierdie Grondwet gebruik word en 'n strydige bedoeling nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken –

(a) "Departement," die Departement van Landbou in die Nasionale regering;

(b) "dier", 'n Suid-Afrikaanse Vlaamperd wat in die Kuddeboek geregistreer is of daarvoor geskik is, en die woord "hings/te", "merrie/s", "perd/e" en "vul/lens" sal dieselfde betekenis hê;

(c) "eienaar" die persoon wie-
(i) volgens die rekords van die Vereniging, sodanige dier se eienaar is; of
(ii) tot bevrediging van die Raad bewys lewer dat sodanige dier geskik is om in sy naam geregistreer te word; of

(d) "eisel", 'n eisel van 'n dier en sluit ook 'n embrio in;

(e) "embrio", 'n bevrugte eisel van 'n dier;

(f) "Gebied", Suid-Afrika en sodanige ander lande soos van tyd tot tyd deur die Genootskap met die goedkeuring van die Vereniging bepaal;

(g) "geboorte", die geboorte van 'n dier;

(h) "Genootskap", Suid-Afrikaanse Vlaamperdtelersgenootskap;

(i) "Grondwet", die Grondwet (met inbegrip van die Verordeninge) uitgesluit die skedules van die Genootskap;

(j) "inspekteur", 'n persoon in die hoedanigheid as inspekteur deur die Raad aangestel;

(k) “INTERGIS”, die Geïntegreerde Registrasie en Genetiese Inligtingstelsel wat in samewerking met die Departement ingestel is waarop Voorvoegsels en Agtervoegsels volgens die Wet geregistreer word en waarop registrasie- en prestasiedata geïntegreer kan word;

~~[(k)]~~ (l) "koper", die persoon of persone aan wie eienaarskap of gesamentlike eienaarskap van 'n dier oorgedra word deur die verkoper van sodanige dier;

~~[(l)]~~ (m) "Kuddeboek", die ", Suid-Afrikaanse Vlaamperd Kuddeboek waarin die besonderhede van alle diere, deur die Genootskap ingeskryf word;

~~[(m)]~~ (n) "Minister", die Minister verantwoordelik vir landbou;

~~[(n)]~~ (o) "Raad", die Raad van die Genootskap amptelik verkies ingevolge die bepalings van die Grondwet;

~~[(o)]~~ (p) "ras", die Suid-Afrikaanse Vlaamperdras;

~~[(p)]~~ (q) "Registrateur" die beampte ingevolge die Wet aangewys as Registrateur van Diereverbetering;

~~[(q)]~~ (r) "registreer", die prosedure van registrasie van diere deur die Vereniging in die Volgeregistreerde en Hulpstamboekafdelings van die Kuddeboek, of waardeur 'n voorvoegsel deur die Vereniging op rekord geplaas word;

~~[(r)]~~ (s) "Sekretaris", die Sekretaris van die Genootskap;

~~[(s)]~~ (t)"semen", die semen van 'n dier;

~~[(t)]~~ (u) "'n Suid-Afrikaanse dier" (vir doeleindes van registrasie), 'n dier wat in of onderweg na Suid-Afrika gebore is met dien verstande dat 'n dier wat gebore word as gevolg van 'n ingevoerde eisel, as 'n ingevoerde dier beskou word;

~~[(u)]~~ (v) "teler", ‘n lid van die Genootskap wie die eienaar is van -

(i) die moeder ten tyde van die geboorte van 'n dier;

(ii) sodanige dier tydens eerste aanname vir registrasie in die eerste afdeling van die Kuddeboek; of

(iii) die draermerrie van sodanige embrio ten tyde van die geboorte van 'n vul as gevolg van 'n embrio-oorplasing;

~~[(v)]~~ (w) "Vereniging", die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsvereniging;

~~[(w)]~~ (x) "verkoper", die persoon of persone wie, volgens die rekords van die Vereniging, die eienaar/gesamentlike eienaar/s van 'n dier is, of in die geval van 'n ingevoerde dier, die eienaar in die land van herkoms, wie sodanige dier verkoop het;

~~[(x)]~~ (y) "Vulboek", die Vulboek van die Genootskap waarin die besonderhede van alle Suid-Afrikaanse Vlaamperdvullens aangeteken word ten opsigte waarvan geboortekennis-gewings ingedien was;

~~[(y)]~~ (z) "Wet", die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet No 62 van 1998), insluitende die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan.

2. Ander woorde, afkortings en terme gebruik in die Grondwet, wat nie hierbo omskryf is nie, en waaraan 'n bepaalde betekenis geheg word in die Wet, sal dieselfde beteken as in die Wet.

3 Tensy 'n teenstrydige bedoeling duidelik uit die verband blyk, sal alle woorde wat in die Grondwet na persone in die manlike geslag verwys, die vroulike geslag insluit en woorde in die enkelvoud, sal die meervoud insluit en woorde in die meervoud, sal die enkelvoud insluit.

GRONDWET

VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE VLAAMPERDTELERSGENOOTSKAP

1. NAAM VAN DIE GENOOTSKAP

Die naam van die Genootskap is die Suid-Afrikaanse Vlaamperdtelersgenootskap.

2. DOELSTELLINGS

2.1 Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellings en magte van die Genootskap om -

(a) om die teelt en genetiese verbetering van die ras aan te moedig in die Gebied deur uitvoering te gee aan die magte en pligte verleen aan die Genootskap ingevolge die Wet ten opsigte van registrasie van stambome by die Vereniging, invoer en uitvoer van diere, semen en eiselle, tegniese-, adviserende- en inspeksiedienste of op enige ander wyse;

(b) om die rasegtheid van diere in die Gebied te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele die belangstelling in die ras te bevorder;

(c) om noukeurige verslae van die stambome en besonderhede van diere saam te stel, te bewaar en in stand te hou of te laat saamstel, bewaar en in stand te hou, met die doel vir registrasie deur die Vereniging;

(d) om 'n "Standaard van Voortreflikheid" vir die ras op te stel;

(e) om vir tentoonstellings doeleindes verskillende klasse vir die ras te verkry en beoordelaars te benoem wat bevoeg geag word om die ras te beoordeel; en om landbougenootskappe en andere te oortuig van die wenslikheid en noodsaaklikheid daarvan om slegs beoordelaars aan te stel wat deur die Genootskap aanbeveel word;

(f) om die verkoop van diere te bevorder; en

(g) om deur samewerking met die Vereniging en die Departement, voorligting te gee om die ras te verbeter;

(h) om in die algemeen alles in sy vermoë te doen ter bevordering van sy lede se belange met betrekking tot hul bedrywighede in verband met die ras; en

(i) om inligting in te win en te versprei aangaande die beste wyse waarop die teling van die ras die beste uitgevoer en op die voordeligste manier uitgebou en voortgesit kan word en lede op hoogte te hou met wetenskaplike- en ander ontwikkeling.

2.2 Die Genootskap –

(a) mag nie gemoeid wees met enige winsgewende bedrywighede; of deel hê in enige besigheids-, professionele- of beroepsbedrywighede van enige van sy lede, of die voorsiening aan enige van sy lede van geldelike hulp of van enige perseel of aanhoudende dienste of fasiliteite wat deur sy lede benodig word vir die beoefening van ‘n besigheid, professie of beroep nie; en

(b) het nie die mag om besigheid te bedryf nie, insluitend, *inter alia,* gewone handels-transaksies in die loop van besigheid, spekulatiewe transaksies, dividend verminderingsaksies, sowel as die aankoop van eiendom vir die verhuring daarvan op ‘n stelselmatige of gereelde basis.

3. MAGTE VAN DIE GENOOTSKAP

Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet sal die Genootskap die mag hê om -

(a) sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer soos deur die Wet neergelê asook kragtens sy lidmaatskap van die Vereniging en die verlening van regspersoonlikheid aan die Genootskap in terme van die Wet; en

(b) in die algemeen stappe te neem soortgelyk aan dié wat 'n regspersoon by wetgewing kan verrig ten einde sy doelstellings te bereik.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Verkiesbaarheid

Lidmaatskap van die Genootskap sal beperk word tot persone bo die ouderdom van 18 jaar, behoudens die bepalings van Klousule 4.2.4.

4.2 Indeling van Lidmaatskap

Lidmaatskap sal uit die volgende lede bestaan –

4.2.1 *Gewone Lede*

Persone wat in Suid-Afrika woon en wat direk of indirek by die teelt van diere betrokke is, kan vir lidmaatskap van die Genootskap as gewone lede in aanmerking kom. Vir die doeleindes van hierdie subklousule word 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, of ander regspersoon beskou as 'n persoon en kan as sodanig vir Gewone Lidmaatskap van die Genootskap in aanmerking kom.

Sodanige lede sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees: Op voorwaarde dat –

(a) persone aktiewe telers van diere is en sodanige diere ooreenkomstig hierdie Grondwet registreer en/of die eienaar van ‘n geregistreerde perd is, sal as Aktiewe Gewone Lede bekend staan; en

(b) alle ander Gewone Lede sal as Nie-Aktiewe Lede bekend staan en geen stemreg hê nie, uitgesonderd persone bedoel in Klousule 4.2.2.

4.2.2 *Lewenslange-Erelede*

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die ras mag die Algemene Jaarvergadering 'n persoon tot lewenslange-erelid verkies, op voorwaarde dat dit op aanbeveling van die Raad geskied. Sodanige lewenslange-erelid sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap en sal ook tot die Raad verkiesbaar wees.

4.2.3 *Spesiale Erelede*

Persone wie nie noodwendig aktief gemoeid is met die teelt van die ras nie, mag deur die Raad verkies word tot Spesiale Erelid, op sodanige voorwaardes soos deur die Raad bepaal mag word. 'n Spesiale erelid sal geen stemreg by die vergaderings van die Genootskap hê nie en ook nie tot die Raad verkiesbaar wees nie.

4.2.4 *Junior Lede*

Persone onder die ouderdom van 18 jaar mag, mits die Raad dit goedkeur, junior lede word. Sodanige junior lede sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die Raad verkiesbaar wees nie. Na die betaling van die vasgestelde gelde mag hulle aan die ander aktiwiteite van die Genootskap deelneem.

4.3 Maatskappy, Private Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap of Ander Regspersoon

4.3.1 'n Maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie vennootskap of ander regspersoon wat om Gewone Lidmaatskap aansoek doen, moet aan die Genootskap sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die Genootskap verder in kennis stel van die naam en adres van die natuurlike

persoon wat aangestel is om as verteenwoordiger by vergaderings van die Genootskap op te tree.

Op die verdere voorwaarde dat sodanige natuurlike persoon die reg sal hê om skriftelik 'n plaasvervanger te benoem. Sodanige skriftelike benoeming moet die Genootskap nie later nie as voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasgevervanger moet stem, bereik.

Ten opsigte van 'n vennootskap moet die volle name en adresse van alle vennote ten tyde van aansoek om lidmaatskap aan die Genootskap verstrek word en sulke vennote sal gesamentlik en afsonderlik vir alle verpligtinge teenoor die Genootskap verantwoordelik wees.

4.3.1 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 4.3.1 uiteengesit, gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, genootskap of ander regspersoon bygewoon word, word die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

4.3.3 Die natuurlike persoon wat, soos in Klousule 4.3.1 uiteengesit, aangewys is om sodanige maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon te verteenwoordig, mag tot die Raad verkies word.

4.3.4 Indien so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon in gebreke bly om aan die vereistes van Gewone Lidmaatskap te voldoen, soos in Klousule 4.2 uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die Genootskap beëindig word en die bepalings van die volgende Klousule 4.3.5 sal *mutatis mutandis* op so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon van toepassing wees.

4.3.5 In die geval van 'n likwidasie van 'n maatskappy, private maatskappy of beslote korporasie of die ontbinding van 'n vennootskap of ander regspersoon, sal lidmaatskap van die Genootskap outomaties beëindig word : Met dien verstande dat -

(a) alle gelde of bedrae aan die Genootskap verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die Genootskap van die likwidateur van sodanige maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige vennootskap of ander regspersoon gevorder sal word;

(b) die likwidateur van sodanige maatskappy, private maatskappy of beslote korporasie en die lede van sodanige vennootskap of ander regspersoon verplig sal wees om al die verpligtinge van so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon na te kom ten opsigte van registrasies, oordragte of enige verpligtinge wat die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon as lid van die Genootskap moes nakom; en

(c) enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos kuddegelde, registrasies, oordragte of ander verpligtinge wat na so 'n outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal vir Gewone Lede of Lewenslange Lede opgelê sal word.

4.4 Geregistreerde Telers

4.4.1 Enige persoon met inbegrip van 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap of ander regspersoon woonagtig in die Gebied buite Suid-Afrika wat belangstelling toon in die teel van diere en wie direk en indirek gemoeid is met die teel van diere, sal in aanmerking kom vir aanvaarding as 'n Geregistreerde Teler.

4.4.2 Uitgesonderd geregistreerde telers woonagtig in ander Gebiede buite Suid-Afrika, sal geregistreerde telers woonagtig in Suid-Afrika en Namibië die reg hê om -

(a) op 'n algemene vergadering te stem, en
(b) om tot die Raad verkies te word,

sal al die regte, voorregte en verpligtinge van lede *mutatis mutandis* van toepassing wees op alle lede wie aansoek doen om by die Genootskap geregistreer te word of wie reeds by die Genootskap as Geregistreerde Teler geregistreer is. Geregistreerde Telers is *ipso facto* aanspreeklik vir kostes aan die Vereniging.

4.5 Aansoek om Lidmaatskap

4.5.1 Aansoek om lidmaatskap van die Genootskap moet op die voorgeskrewe vorm (Bylae B) aan die Genootskap gerig word. Die aansoek moet ook vergesel gaan van die betrokke subskripsie en/of intreegeld soos uiteengesit in die Bylae van Gelde van die Genootskap (Bylae A).

4.5.2 'n Aansoek om lidmaatskap moet vergesel gaan van die nodige bewys dat aan die bepaalde vereistes beantwoord word.

4.5.3 Die Raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, of enige aansoek weier: Met dien verstande dat redes vir sodanige weiering verstrek sal word.

4.5.4 Indien 'n aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van enige gelde wat sy aansoek vergesel het.

5. REGISTER VAN LEDE

5.1 Die Genootskap sal 'n register van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, hul posadres, epos adres en alle kontakbesonderhede, bedrae van hul ontvang en die datum van betaling, agterstallige gelde, indien enige, wat verskuldig mag wees, asook die datum waarop die laaste diere in hul naam geregistreer is, ingeskryf moet word.

5.2 Elke lid moet die Genootskap skriftelik binne een maand van 'n verandering van sy posadres, epos adres en alle kontakbesonderhede, in kennis stel en alle kennisgewings of publikasies wat aan 'n lid se aangetekende adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

5.3 Alle stukke wat per aangetekende pos of elektroniese pos deur die Genootskap aan lede versend is, sal as bindend beskou word.

6. REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE

Uitgesluit eksekuteurs van afgestorwe boedels, kurators van insolvente boedels en likwidateurs van maatskappye of private maatskappye sal die regte en voorregte van elke lid van die Genootskap persoonlik op homself van toepassing wees en dit is nie oordraagbaar nie, hetsy deur sy eie handeling of deur enige wetsbepaling.

Regte van lede sal, onderworpe aan die voorskriftelike bepalings van Klousules 4 en 8.3, die volgende insluit :

(a) om alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Genootskap vir verspreiding onder lede uitgegee word;

(b) om alle algemene vergaderings van die Genootskap by te woon en om op sodanige vergaderings te stem;

(c) om aansoek te doen om die registrasie van diere in ooreenstemming met die bepalings van die Grondwet;

(d) om, indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende die ras van die Genootskap se inspekteurs en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees moet deur die aansoeker betaal word;

(e) om die Genootskap se amptelike verslae te raadpleeg en te gebruik; en

(f) om oor al die regte en voorregte en verpligtinge soos in die Grondwet uiteengesit, te beskik.

7. LEDEGELD EN GELDE

7.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissie aan die Genootskap betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en word ~~[vir kennisname]~~ op die eerste daaropvolgende algemene vergadering van die Genootskap voorgelê vir goedkeuring.

7.2 Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar op 1 Maart van elke jaar en sal as agterstallig beskou word as dit nog nie op 31 Mei van dieselfde jaar betaal is nie.

7.3 Enige lid wie se ledegeld na 31 Mei uitstaande is, sal sy/haar stemreg by die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering verbeur.

7.4 Voornemende lede sal slegs kwalifiseer as ‘n stemgeregtigde op die Algemene Jaarvergadering as die aansoek om lidmaatskap voor of op 31 Mei reeds deur die sekretaresse erken en ledegelde ten volle vereffen is.

7.5 Nuwe lede wat na 31 Mei by die Genootskap aansluit se ledegeld sal pro-rata gehef word en met die aansluiting sal lidmaatskap oorgedra word na die volgende jaar. Aansluitingsdatum bly steeds op datum van aansluiting.

7.6 Enige lid wie-

(a) se ledegeld agterstallig is; of

(b) wat ander gelde en kommissie aan die Genootskap skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge vir meer as 30 dae nadat 'n eis om die betaling daarvan deur die Sekretaris aan hom gerig is, sal daarna geen regte en voorregte van lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde aangesuiwer is nie.

7.7 Die Raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

7.8 Enige lid wie, om watter rede ookal, ophou om 'n lid van die Genootskap te wees sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die Genootskap verskuldig was.

7.9 Indien die Raad sou beslis dat die rekening van 'n lid agterstallig is of ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so 'n lid, indien sy rekening vir invordering aan 'n firma van prokureurs oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste, invorderingsgelde, prokureursgelde en kliëntkostes wat dit mag meebring, tesame met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is.

8. BEDANKINGS, SKORSINGS EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE

8.1 Bedanking van Lede

Enige lid mag bedank as lid van die Genootskap deur nie minder as een maand voor die finansiële jaareinde skriftelik kennis daarvan aan die Genootskap te gee : Met dien verstande dat -

(a) sodanige bedanking sal onmiddellik in werking tree; en

(b) geen ledegelde of gedeelte daarvan sal terugbetaalbaar wees nie; en

(c) alle gelde aan die Genootskap verskuldig ten volle betaal is en die lid sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van dokumente, rekords, registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur die Genootskap vereis.

8.2 Skorsing van Lede

8.2.1 Die Raad mag 'n lid skors wat -

(a) in gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is te betaal binne 60 dae nadat 'n skriftelike eis vir sodanige vereffening deur die Sekretaris onderteken, aan hom gepos of per elektroniese pos gestuur is;

(b) die Grondwet of enige reël van die Genootskap oortree het of wat na oordeel van die Raad op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter, of ten nadele van die belange van die Genootskap opgetree het;

(c) deur sy optrede of gebrek daaraan werklike of moontlike oneer aan die Genootskap gebring het of wat skuldig was aan gedrag ten werklike of moontlik nadeel van die doelstellings van die Genootskap;

(d) met opset of vir persoonlike gewin of voordeel foutiewe informasie aan die Genootskap of enige van sy amptenare of aan beamptes of beoordelaars by skoue verstrek het, of wat aan die liggaam van 'n dier sodanige veranderings aangebring het om enige persoon te mislei;

(e) probeer om 'n amptenaar van die Genootskap om te koop; of

(f) skuldig bevind is op grond van 'n oortreding van die Wet;

MET DIEN VERSTANDE DAT geen stappe vir skorsing geneem sal word teen 'n lid van die Genootskap nie, alvorens die Genootskap nie minstens 60 dae voor die datum van die Raadsvergadering waarop sodanige skorsing behandel sal word, 'n geregistreerde brief aan so 'n lid gerig het waarin hy in kennis gestel word van sy voorgestelde skorsing en waarin daar 'n beroep op hom gedoen word om persoonlik, of indien hy so verkies, deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger sy kant van die saak op die Raadsvergadering te stel.

8.2.2 Die Raad of enige Komitee van die Raad sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in verband met die gedrag van 'n lid en om sodanige informasie by so 'n plek, persoon, firma en/of instansie in ontvangs te neem en daarop te handel op so 'n wyse as wat die Raad mag goeddink.

Die gewone reëls wat betref die lewering van getuienis sal nie van toepassing wees op sodanige *bona fide* navraag nie en geen lid sal enige aksie, eis en/of reg van verhaal teen die Raad of sy Komitee hê in verband met enige aangeleentheid en/of saak wat voortspruit uit sodanige navraag of informasie wat bekom was nie.

8.2.3 Enige lid wat geskors is, moet deur die Genootskap skriftelik daarvan in kennis gestel word binne 14 dae na die datum waarop die besluit met betrekking tot sy uitsetting goedgekeur is.

8.2.4 Na sodanige skorsing van 'n lid mag die Raad opdrag aan die Sekretaris gee om sy naam uit die Kuddeboek en enige ander registers of verslae van die Genootskap te verwyder en by die Vereniging aansoek te doen vir die kansellering van alle registrasies ten opsigte van diere wat deur die geskorste lid geteel is en ten tyde van sy skorsing in sy besit was. Die Raad mag verder van die geskorste lid verlang om onverwyld alle registrasiesertifikate ten opsigte van perde wat ten tyde van sy skorsing in sy besit was, aan die Genootskap te oorhandig en na sodanige datum sal geen perde deur hom geteel, geregistreer of

oorgedra word nie, geen geboortekennisgewing van hom ontvang sal aanvaar word nie en hy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

8.2.5 Enige lid wat geskors word sal alle gelde deur hom aan die Genootskap verskuldig ten volle betaal of al sy verpligtinge nakom ten opsigte van registrasies en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy lidmaatskap.

8.2.6 Enige persoon wat as lid van die Genootskap geskors word bly aanspreeklik vir alle ledegeld en gelde deur hom verskuldig aan die Genootskap ten tyde van sy skorsing.

8.3 Opheffing van Stemreg

8.3.1 Enige lid, uitgesonderd lede in Klousule 4.2.2 bedoel, wat nie aan die voorwaardes, soos in Klousule 4.2.1(a) voldoen nie, sal sy stemreg waarna in Klousule 6(b) verwys word, verbeur.

8.3.2 Die stemreg van geen lid sal opgehef word mits hy nie ten minste 60 dae voor die vergadering waarop sodanige opheffing in werking sal tree daarvan skriftelik deur die Sekretaris in kennis gestel is nie.

8.3.3 Sodanige opheffing van stemreg van 'n lid sal van krag bly totdat hy weer perde laat registreer of geregistreerde perde besit, waarna die opheffing van sy stemreg onmiddellik beëindig sal word sonder dat enige kennisgewing te dien effekte aan hom gegee moet word.

8.3.4 Die opheffing van stemreg op die hierin gemelde wyse sal geensins die ander regte en/of verpligtinge van lidmaatskap affekteer nie.

9. HERAANSLUITING VAN LEDE

Enige persoon wat opgehou het om lid van die Genootskap te wees, mag weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalings van Klousule 4.4 en nadat alle agterstallige skulde vereffen is.

10. VERKIESING VAN DIE RAAD EN UITVOERENDE KOMITEE

10.1 Die belange van die Genootskap sal beheer en bestuur word deur 'n Raad wat uit die volgende vyf lede sal bestaan en wat ooreenkomstig Klousule 10.3 jaarliks tydens die Algemene Jaarvergadering verkies word:

(a) 'n President;
(b) 'n Vise-President; en
(c) drie lede.

10.2 Slegs persone wat reeds 'n minimum van twee jaar lede van die Genootskap is, is tot die Raad verkiesbaar.

10.3 **Metode van Verkiesing**

(a) Verkiesing sal per geslote stembrief geskied. Sodanige stembrief sal geen nommer en/of handtekening bevat om die identiteit van die kieser te openbaar nie.

(b) Lede op hierdie wyse verkies sal die amp beklee tot die eerste Algemene Jaarvergadering na hul verkiesing wanneer twee lede, deur die lot aangewys, sal uittree. Gedurende die tweede Algemene Jaarvergadering na verkiesing, sal die lid wat die langste op die Raad is, uittree en daarna by elke Algemene Jaarvergadering sal die een of twee lede onderskeidelik die amp neerlê.

(c) Alle uittredende Raadslede is herkiesbaar en beklee hul amp vir twee jaar.

(d) Geen persoon mag die amp van President of Vise-President vir langer as vier jaar agtereenvolgend beklee nie, maar sal egter een jaar na verstryking van sodanige

tydperk weer herkiesbaar wees. Die uittredende President mag vir een jaar na verstryking van sy termyn op die Raad gekoöpteer word.

10.4 Indien 'n lid van die Raad te sterwe kom, bedank, ophou om lid van die Genootskap te wees of sy amp verbeur ingevolge Klousule 10.6 kan die Raad 'n ander lid van die Genootskap aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van sy dienstermyn. Die Raad sal as behoorlik gekonstitueer beskou word en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is uit te voer, nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

10.5 In die geval waar die amp van President of Vise-President vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is, moet die Raad by sy daaropvolgende vergadering per geslote stembriefies persone uit sy geledere nomineer en een verkies om die vakature vir die onverstreke tydperk te vul.

10.6 Lede van die Raad wat van twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig was sonder toestemming of grondige rede, sal hul amp outomaties verbeur.

10.7 Benewens die vyf verkose lede van die Raad sal daar ook die volgende persone wees wat op die Raad dien in 'n adviserende hoedanigheid, maar sonder stemreg -

(a) 'n beampte aangestel deur die Minister ooreenkomstig die bepalings van die Wet;

(b) vir uitsonderlike dienste aan die ras mag 'n persoon op aanbeveling van die Raad by 'n Algemene Jaarvergadering verkies word tot Ere-Lewenslange-Vise-President. Met dien verstande dat sodanige aanbeveling deur ten minste driekwart van die stemgeregtigde lede op die vergadering goedgekeur word; en

(c) die Sekretaris wat alle vergaderings van die Genootskap sal bywoon en die reg het om aan besprekings deel te neem, maar egter nie stemreg sal hê nie, tensy hy/sy ook lid van die Genootskap is.

10.8 Die Uitvoerende Komitee van die Raad, wat magte sal beklee soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, sal bestaan uit die President, Vise-President en een lid wat jaarliks deur die Raad verkies word. Alle verrigtinge of besluite van die Uitvoerende Komitee moet goedgekeur word op die daaropvolgende Raadsvergadering.

11. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die Raad het, onderworpe aan die bepalings van die Grondwet en die besluit van die Genootskap soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Genootskap is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellings wat nodig of wenslik geag mag word.
In besonder het die Raad die mag om -

11.1 betaling van lenings op enige wyse te sekureer, insluitende die verhipotekering of verpanding van goed, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid daarvan, in besonder deur die uitreiking van die soort skuldbrief of skuldbriefeffekte, met of sonder sekuriteit;

11.2 geld aan enige persoon of maatskappy te leen;

11.3 vrywaring en waarborge en borgstelling aan te gaan en betaling daarkragtens op enige wyse te sekureer;

11.4 donasies of skenkings te maak;

11.5 'n trust te onderneem en uit te voer;

11.6 gratifikasies en pensioene te betaal en pensioenskemas en ander aansporingskemas ten opsigte van sy ampsdraers en werknemers tot stand te bring;

11.7 onderhewig aan die bepalings van Klousule 7 die ledegelde of verpligtinge van lede van tyd tot tyd te wysig of aan te pas en om enige bykomende gelde en verpligtinge voor te skryf soos nodig geag mag word;

11.8 een of meer bankrekenings namens die Genootskap te open en enige wissel, skuldbewys, tjek of ander verhandelbare dokument wat op sake aan die Genootskap betrekking het te trek, te aanvaar, te endosseer, aan te gaan of uit te voer;

11.9 geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf, om roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak en die vergoeding daaruit verkry op so 'n wyse aan te wend as wat tot die grootste voordeel van die Genootskap gereken mag word;

11.10 enige gelde wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die Genootskap nodig is nie, te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek: Met dien verstande dat fondse beskikbaar vir beleggings slegs belê mag word by geregistreerde finansiële instellings soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Finansiële Instellings (Belegging van Fondse), 1984, en in effekte genoteer op ‘n gelisensieerde effektebeurs soos omskryf in Artikel 1 van die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985);

11.11 al die kostes en rekenings met betrekking tot die administrasie en bestuur van die Genootskap te betaal;

11.12 gelde, donasies en ander skulde en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die Genootskap en/of tot bevordering van die ras aan te wend;

11.13 op sekuriteit van enige eiendom van die Genootskap geld vir die Genootskap te leen;

11.14 ooreenkomstig Klousule 7.3 te weier om inspeksie-, registrasie- en ander werk vir lede te doen indien hulle uitstaande skuld by die Genootskap het;

11.15 algemene vergaderings van die Genootskap te belê, of na aanleiding van 'n spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalings van die Grondwet gerig is, of andersins indien dit noodsaaklik geag word;

11.16 na goeddunke sodanige ouditeure, prokureurs of ander regsverteenwoordigers, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan, of te skors, om hul magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hul pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word;

11.17 'n geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of 'n skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Genootskap of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die Genootskap, en om enige skulde wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Genootskap;

11.18 enige skulde wat betaalbaar is te verminder, of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Genootskap;

11.19 kontrakte buite Suid-Afrika aan te gaan en kontrakte, aktes en dokumente in 'n vreemde land te verkry;

11.20 inspekteurs aan te stel om diere wat vir registrasie aangebied is, te keur en vir die doel van enige ander werksaamhede waarvoor lede van die Genootskap die dienste van inspekteurs mag verlang en om aan sodanige inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstellings van die Genootskap uitgevoer word, of om hulle te ontslaan;

11.21 opdrag te gee aan inspekteurs en/of ander amptenare van die Genootskap om ondersoek in te stel na gevalle waar daar nie behoorlik rekords gehou word nie of waar daar twyfel mag ontstaan met betrekking tot die identiteit van 'n dier en om sodanige stappe te neem soos in die belang van die Genootskap wenslik geag mag word;

11.22 die dienste van enige persoon of lid van die Genootskap te koöpteer en om subkomitees te benoem op sodanige voorwaardes en sodanige magte aan hul te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die President en Vise-President van die Genootskap is *ex officio* lede van alle subkomitees met alle regte en voorregte. Addisionele lede mag op die Raad koöpteer word, maar sulke gekoöpteerde lede sal nie stemreg op die Raad hê nie;

11.23 sodanige reëls en voorwaardes op te stel met betrekking tot die kwalifikasies en benoeming van beoordelaars van die ras as wat nodig geag mag word. Met dien verstande dat geen persoon as beoordelaar van die ras aangestel sal word alvorens hy voldoen aan sodanige vereistes as wat deur die Raad bepaal mag word nie. Verder om van tyd tot tyd die paneel van beoordelaars in heroorweging te neem en om daaruit sodanige name te verwyder as wat nodig geag mag word;

11.24 'n sisteem van beoordeling en keuring ten opsigte van inspeksie van diere in te stel en om reëls, voorwaardes, en terme aangaande sodanige inspeksies, en met betrekking tot keuring te formuleer. Met dien verstande dat wanneer die Raad enige sodanige reëls of herroep of op enige ander wyse verander het, sodanige reëls by die eersvolgende algemene vergadering van die Genootskap vir die inligting van sodanige vergadering voorgelê moet word;

11.25 verkope van diere te organiseer en te bevorder, hetsy deur openbare veilings of uit die hand en om vir hierdie doel afslaers en agente aan te stel;

11.26 aan enige lid van die Raad of enige amptenaar of werknemer van die Genootskap verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word;

11.27 een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die Genootskap dokumente te onderteken, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, 'n eis in te stel, of gedagvaar te word, sodat die sake van die Genootskap beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;

11.28 verteenwoordiger/s ooreenkomstig Klousule 16 op die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging aan te stel en om 'n persoon of persone te benoem om die Genootskap op enige komitee, liggaam of organisasie te verteenwoordig;

11.29 aansoeke om lidmaatskap te ontvang en te oorweeg en dit na eie oordeel te aanvaar of af te wys, om persone kragtens Klousule 4.2.2 as lewenslange-erelede te nomineer, om spesiale erelede kragtens Klousule 4.2.3 te verkies en om kragtens Klousule 10.7(b) die verkiesing van 'n ere-lewenslange vise-president voor te stel;

11.30 reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellings van die Genootskap op te stel, te wysig of op te hef;

11.31 ooreenkomstig Klousule 8 die lidmaatskap van enige persoon te beëindig;

11.32 sodanige strawwe of boetes op te lê of af te dwing as wat van tyd tot tyd vir lede van die Genootskap bepaal mag word vir die oortreding of skending van die Grondwet, reëls en regulasies van die Genootskap;

11.33 ondersoek in te stel na geskille wat uit die toepassing van die Grondwet mag ontstaan en om uitsluitsel daaromtrent te gee;

11.34 enige bylae wat by die Grondwet aangeheg is, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig geag mag word;

11.35 Rasstandaarde op te stel en minimum vereistes en ander standaarde neer te lê waarvolgens -

(a) diere deur inspekteurs geïnspekteer word met die oog op registrasie; en

(b) onderworpe aan die bepalings van die Wet, aansoeke vir die in- en uitvoer van diere, semen en embrio's oorweeg word;

11.36 van tyd tot tyd die Standaard van Voortreflikheid te hersien en aanbevelings aan die Algemene Jaarvergadering te maak; en

11.37 in die algemeen alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die Genootskap en die hantering van sy sake, altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalings van die Wet en die Grondwet nie.

12. VERGADERINGS

12.1 Vergaderings van die Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee sal wanneer nodig vergader om die pligte wat deur die Raad aan hom opgedra is, uit te voer.

12.1.1 'n Raadslid mag die President verlof vra om persoonlik enige sake van belang voor die Uitvoerende Komitee te lê. Op voorwaarde dat hy volledig op skrif stel wat die aard van die saak is. Indien die Voorsitter besluit dat die saak van genoegsame belang en dringendheid is, mag hy verlof verleen dat so 'n Raadslid die Uitvoerende Komiteevergadering bywoon om, met toestemming van die Komitee, die vergadering toe te spreek.

12.1.2 Indien die Voorsitter nie die saak van genoegsame belang ag nie mag hy verlof tot bywoning weier en indien hy so oordeel, toesien dat die aangeleentheid op die agenda geplaas word.

12.2 Raadsvergaderings

12.2.1 Die Raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat die President of in sy afwesigheid die Vise-President mag besluit. Op voorwaarde dat minstens twee Raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word.

12.2.2 'n Spesiale Raadsvergadering -

(a) mag deur die President (of in sy afwesigheid deur die Vise-President) belê word, op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit; of

(b) sal belê word op grond van 'n aansoek onderteken deur nie minder nie as drie Raadslede waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoek moet aan die Sekretaris gerig word.

12.2.3 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n voorgenome Raadsvergadering moet nie minder as 21 dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die Sekretaris aan elke lid van die Raad gepos <u>of per elektroniese pos gestuur</u> word.

12.3 Algemene Vergaderings

12.3.1 'n Algemene vergadering van die Genootskap wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer in 'n finansiële jaar gehou op so 'n tyd en plek as wat die Raad mag bepaal.

12.3.2 By so 'n Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag aan die Genootskap voorlê, tesame met 'n behoorlike geouditeerde balansstaat en 'n verslag van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het. Sodanige Algemene Jaarvergadering moet gehou word -

(a) nie later nie as ses maande na die einde van elke finansiële jaar van die Genootskap (28 Februarie van elke jaar); en

(b) binne hoogstens 15 maande na die datum van die jongste voorafgaande Algemene Jaarvergadering van die Genootskap.

12.3.3 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Genootskap mag te eniger tyd belê word deur -

(a) die Raad; of

(b) die President (of in sy afwesigheid die Vise-President) en sal in laasgenoemde geval belê word op grond van 'n skriftelike aansoek daartoe, wat aan die Sekretaris gerig is en wat deur nie minder as tien lede van die Genootskap onderteken is. So 'n aansoek moet die doelstellings van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

12.3.4 'n Voorlopige kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n Algemene Jaarvergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Sekretaris aan elke lid gepos of per elektroniese pos gestuur word, of in die amptelike mondstuk van die Genootskap gepubliseer word. Enige lid wat van plan is om enige saak by die Algemene Jaarvergadering vir bespreking voor te lê, moet die Sekretaris nie minder nie as 40 dae voor die vergadering, skriftelik daarvan in kennis stel.

12.3.5 'n Finale kennisgewing van die tyd, datum en plek waarop enige algemene vergadering gehou sal word, tesame met die agenda vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die Genootskap gepos of per elektronise pos word.

12.3.6 Daar sal geen besluit op 'n Algemene Vergadering geneem word tensy kennis daarvan op die agenda, wat tesame met die kennisgewing van vergadering aan lede gestuur is verskyn nie, of tensy so 'n vergadering met 'n twee-derde meerderheid van stemme, van lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem, ongeag die bepaling van Klousule 12.3.3(b).

12.3.7 Enige algemene vergadering mag verdaag word deur 'n twee-derde meerderheidstem van die lede wat daarby teenwoordig is.

12.3.8 Vir die doel om besluite op 'n Algemene Jaarvergadering geneem, te herroep, word 'n twee-derde meerderheid op 'n algemene vergadering vereis.

12.4 Voorsitter by Vergaderings

Die President beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien hy afwesig is beklee die Vise-President die amp. Indien daar nie een van hierdie ampsdraers by 'n vergadering teenwoordig is nie, mag die lede wat teenwoordig is 'n ander lid verkies om by sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee en enige persoon wat op so 'n manier verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering oor die mag beskik om al die pligte van die President uit te voer.

12.5 Neem van Besluite

Alle sake wat voor enige vergadering gelê word, tensy andersins voorsien word, moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering

teenwoordig is en stemgeregtig is en in die geval van 'n staking van stemme sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem 'n beslissende stem naas sy gewone stem hê.

12.6 Metode van Stemming

Onderworpe aan die bepalings van Klousule 10.3 sal stemming by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per briefies verlang in welke geval stemming per geslote stembriefies sal geskied.

12.7 Ongeldigheid van Besluite

Geen saak wat behoorlik en grondwetlik op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

12.8 Kworums

12.8.1 25% van die lede van die Genootskap wat persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige algemene vergadering sal 'n kworum vorm vir so 'n vergadering.

12.8.2 Drie Raadslede wat persoonlik teenwoordig is by enige Raadsvergadering en wat stemgeregtig is sal 'n kworum vorm vir so 'n Raadsvergadering.

12.8.3 Twee lede wat persoonlik teenwoordig is by enige Uitvoerende Komitee-vergadering sal 'n kworum vorm vir sodanige Uitvoerende Komiteevergadering.

12.8.4 Indien daar by enige vergadering nie 'n kworum teenwoordig is nie kan die vergadering verdaag tot 'n tyd (nie minder nie as sewe dae daarna) en plek wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so 'n uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel 'n kworum. Met dien verstande dat enige vergadering waar daar geen kworum is nie, maar waar die President of Vise-President teenwoordig is, vir 'n halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, 'n kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake

(behalwe grondwetlike wysigings) as wat deur die lid wat die voorsitterstoel beklee, dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir 'n halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om nadat aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is, te verdaag tot 'n tyd en plek soos hierin bepaal.

13. NOTULES VAN VERGADERINGS

13.1 'n Afskrif van die notules van alle algemene vergaderings sal aan elke lid van die Genootskap voorsien word. Afskrifte van die notules van Raadsvergaderings en Subkomitee-vergaderings sal aan alle Raadslede voorsien word.

13.2 Die notule van alle vergaderings geteken deur die President of 'n persoon wie die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

14. FINANSIËLE BEPALINGS

14.1 Die Raad sal een of meer bankrekenings namens die Genootskap open, waarin alle gelde wat die Genootskap ookal mag ontvang, gedeponeer moet word.

14.2 Alle betalings uit die fondse van die Genootskap word per tjek of per elektronies oordrag gedoen ~~[en die tjeks moet]~~ goedgekeur deur die Sekretaris of 'n persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, ~~[geteken en mede-onderteken]~~ en mede goedgekeur word, deur sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is, ooreenkomstig Klousule 11.27. Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die Raad sal verhoed om 'n kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie. Ook kan sodanige gereelde en gewone maandelikse rekenings wat nie 'n bedrag wat deur die Raad bepaal is, oorskry nie, kontant

betaal word. Op voorwaarde dat die totale bedrag wat nodig is vir die betaling van sodanige rekenings per tjek getrek word.

14.3 Die Genootskap moet behoorlike rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd maar nie minder nie as een keer per jaar deur 'n ouditeur wat deur die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap daartoe aangestel is, geouditeer word en 'n behoorlik geouditeerde balansstaat en verslag van die finansies van die Genootskap soos op 28 Februarie van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het, soos uiteengesit in Klousule 12.3.2, moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap voorgelê word.

14.4 Al die besittings van die Genootskap is gevestig in die Raad.

14.5 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellings van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie. Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

14.6 Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Genootskap en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van die Genootskap verdeel of aan hulle uitbetaal word nie, maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instellings waarvan die doelstellings ooreenstem met dié van die Genootskap soos deur die meerderheid op 'n algemene vergadering van die Genootskap besluit.

14.7 Die finansiële jaar van die Genootskap neem 'n aanvang op 1 Maart van elke jaar en sluit op 28 Februarie van die daaropvolgende jaar.

15. LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING EN AFFILIASIE

Die Genootskap sal sy lidmaatskap van die Vereniging in stand hou op die voorwaardes soos deur die Vereniging bepaal. Verder kan die Genootskap ook met enige vereniging, genootskap of organisasie waarvan die doelstellings met dié van die Genootskap ooreenstem, affilieer of inkorporeer op voorwaarde dat so 'n besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige algemene vergadering van die Genootskap persoonlik teenwoordig is en stem.

16. VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGERS TOT DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE VERENIGING

Ooreenkomstig Klousule 11.28 moet die Raad 'n verteenwoordiger of verteenwoordigers tot die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging uit Aktiewe Gewone Lede of Lewenslange-Erelede verkies.

17. GRONDWETLIKE WYSIGINGS

17.1 Byvoegings tot, of wysigings of veranderings van die Grondwet mag slegs aangebring word deur 'n meerderheidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by 'n algemene vergadering van die Genootskap teenwoordig en stemgeregtig is en stem. Ook moet van die voorgestelde wysigings of byvoegings van die Grondwet asook van die vergadering skriftelik kennis gegee word aan elke lid van die Genootskap nie minder nie as 30 dae voor die vergadering.

17.2 Sodanige byvoeging tot, of wysiging van die Grondwet wat goedgekeur is soos in Klousule 17.1 hiervan beskryf, moet binne 30 dae nadat die wysiging aangebring is aan die Vereniging ~~[voorgelê word en dit sal 90 dae nadat dit aldus voorgelê is, in werking tree]~~ voorsien word vir voorlegging aan die Registrateur . Met dien verstande dat indien die ~~[Vereniging]~~ **Registrateur** van mening is dat die byvoeging en wysiging onbestaanbaar is met die bepalings van die Wet ~~[en die Konstitusie van die Vereniging]~~ sal die Genootskap skriftelik binne 30 dae daarvan in kennis gestel word waarna sodanige byvoeging en wysiging van nul en gener waarde sal word.

17.3 Enige wysiging van die Grondwet moet aan die Kommisaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens voorgelê word.

18. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE

Ondanks enige bepalings in die Grondwet strydig hiermee, mag enige lid deur 'n volmag prokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Sekretaris geliasseer, 'n ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings, aansoekvorms om registrasie of oordrag, oordragsertifikate, dekkingsertifikate, opgawes of verslae of enige ander dokument met betrekking tot die administrasie van 'n stoet te onderteken en enige sodanige handtekening deur so 'n ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is : Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, so 'n gevolmagtigde persoon daartoe in staat sal stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die nominering van die stemming vir enige raadslid, of oor enige aangeleentheid waaroor sy prinsipaal stemreg het, of om enige vergadering namens sy prinsipaal by te woon nie.

19. NIE-LEDE

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die Raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word. Met dien verstande dat geen wetlike of ander verpligting op die Genootskap sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur die Genootskap aan nie-lede gelewer word, sal wees soos in Bylae A uiteengesit. Sodanige gelde sal vooruitbetaalbaar wees.

20. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP

Die kantoor van die Genootskap sal op 'n plek wees soos wat die Raad mag bepaal.

21. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET

Aangesien hierdie Grondwet en die bygaande Bylaes in ~~[Afrikaans]~~ Engels opgestel, ingedien en oorweeg is, word die ~~[Afrikaanse]~~ Engelse weergawe as outentiek beskou.

ALGEMENE VERORDENINGE

1. KUDDEBOEK

Die Genootskap sal toesien dat die Vereniging rekord hou van alle geregistreerde S A Vlaamperde en dat die Kuddeboek, wat bekend sal staan as die S A Vlaam-perdkuddeboek, uit die volgende twee afdelings sal bestaan, nl.:

(a) 'n Hulpstamboekafdeling; en
(b) 'n Volgeregistreerde Afdeling.

1.1 Hulpstamboekafdeling

1.1.1 Hulpstamboek A

(a) Enige dier wat uit ’n kudde kom waarvan die teler ’n bevredigende verslag van afstamming aan die Raad kan verstrek en wat aan die minimum rasstandaarde voldoen of enige dier wat oor die vereiste genotipiese *cum* fenotipiese samestelling beskik, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A Afdeling in aanmerking kom.

(b) Waar geregistreerde hingste, wat die eiendom is van nie-lede, gebruik word deur lede, sal sodanige nageslag geskik wees vir registrasie as ‘n Hulpstamboek A dier.

(c) Diere aangeteken as F1 sal herklassifiseer en as Hulpstamboek A registreer word.

(d) Diere aangeteken as F2 tot-F4 waarvan die besonderhede van die ouers nie op rekord is nie, sal herklassifiseer en Hulpstambok A registreer word.

1.1.2 Hulpstamboek B

(a) Die nageslag uit parings van Hulpstamboek A merries en Hulpstamboek A, B of Volgeregistreerde hingste sal vir registrasie in die Hulpstamboek B afdeling in aanmerking kom: Op voorwaarde dat hulle aan die minimum rasstandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie voldoen.

(b) Diere aangeteken as F2 waarvan die besonderhede van die ouers op rekord is, sal herklassifiseer en as Hulpstamboek B registreer word.

(c) Diere aangeteken as F3 en F4 waarvan die besonderhedevan die ouers op rekord is, sal herklassifiseer word en in aanmerking kom vir registrasie in die Volgeregistreerde afdeling.

1.2 Volgeregistreerde Afdeling

(a) Die nageslag uit parings van ‘n Hulpstamboek B merrie en ‘n Hulpstamboek B of Volgeregistreerde hings wat aan die minimum rasstandaarde voldoen, asook aan al die vereistes met betrekking tot registrasie sal in aanmerking kom vir registrasie as 'n Volgeregistreerde dier.

(b) Die nageslag uit parings van ‘n Volgeregistreerde merrie en ‘n Volgeregistreerde hings sal as Volgeregistreerde diere in die Kuddeboek geregistreer word.

(c) Diere aangeteken as F3 waarvan die besonderhede van beide ouers en al vier die grootouers op rekord is sal herklassifiseer en as Volgeregistreerd geregistreer word.

(d) Diere aangeteken as F4 tot F6 waarvan die besonderhede van alle grootouers op rekord is sal herklassifiseer en as Volgeregistreerd geregistreer word.

2. VOORVOEGSEL EN KENMERKLETTER

2.1 Diere sal nie vir registrasie aanvaar word nie tensy die ~~[teler]~~ Genootskap voor die tyd, namens die teler, deur die ~~[Genootskap by die]~~ Vereniging vir sy uitsluitlike gebruik 'n voorvoegsel by die organisasie wat die Intergis namens die Departement bestuur, op die Intergis registreer waardeur al die diere wat deur hom geteel is en geregistreer word, onderskei sal word.

2.2 Aansoek om registrasie van sodanige voorvoegsel deur die Vereniging word by die Genootskap gedoen en moet vergesel gaan van sodanige registrasiegelde as wat van tyd tot tyd deur die Vereniging en die Wet voorgeskryf mag word.

2.3 Die oordrag van 'n voorvoegsel van een teler na 'n ander sal nie toegelaat word nie behalwe onder sodanige omstandighede en aan sodanige persone as waarvoor in die algmene verordeninge van die konstitusie van die Vereniging en in die bepalings van die Wet voorsiening gemaak word.

2.4 Die kenmerkletters sal deur die Genootskap toegeken word aan telers namate hulle aansoek doen. Telers het egter die reg om kenmerkletters te behou wat aan hulle toegeken is voor die goedkeuring van hierdie Grondwet.

3. IDENTIFIKASIE

3.1 Die Genootskap se amptelike stelsel van permanente identifikasie van perde wat vir registrasie in die Kuddeboek in aanmerking kom, is ‘n mikroskyf of tatoeëring.

3.2 Alle vullens wat lewend gebore is, moet voor speen, maar op 6 tot 8 maande met goedgekeurde mikroskyfies geïdentifiseer word.

3.3 Wanneer 'n dier geïdentifiseer is en die mikroskyf foutief raak sodat die dier nie geïdentifiseer kan word nie, mag die mikroskyf onder geen omstandighede vervang word tensy die Sekretaris vooraf skriftelik daartoe toestemming gee nie.

3.4 Indien 'n teler met die identifikasie van 'n vul 'n fout begaan, of wanneer die mikroskyf verloor het, moet die eienaar van die dier die Sekretaris skriftelik daarvan in kennis stel en die dier sal dan weer gemikroskyfie word in die teenwoordigheid van 'n inspekteur wat deur die Raad daartoe aangestel is nadat sodanige inspekteur oortuig is van die ware identiteit van die dier.

3.5 Indien albei ouers van vullens met wit kolle Vlaamperde is, kan een keurder die keuring op ses (6) tot agt (8) maande doen. Alle hingste met wit kolle moet gekastreer word.

3.6 Indien een van die ouers van ‘n Vlaamperd onbekend is, word die perde by ‘n sentrale punt op twee en ‘n halfjaar (2½ jaar) deur twee keurders gekeur, anders is reiskoste soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal van toepassing.

3.7 Indien ‘n perd, waarvan albei ouers onbekend is, vir keuring aangebied word, moet die keuring deur drie (3) keurders, by ‘n sentrale punt gedoen word. Die perde moet die ouderdom van twee en ‘n halfjaar (2½ jaar) wees. Die eienaar sal vir alle kostes insluitende reiskostes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, verantwoordelik wees.

3.8 ‘n Perd moet ten minste ‘n punt van 70% behaal ten einde keuring te slaag.

3.9 Geen eienaar mag teenwoordig wees tydens keuring van sy perd nie.

3.10 Perde wat in die Vulboek van die Genootskap aangeteken is en wat met ‘n mikroskyf identifiseer is, sal in aanmerking kom vir die finale keuring soos beskryf in Verordening 3.5 tot 3.8.

3.11 Geen dier mag verkoop en oorgedra word indien dit nie met ‘n mikroskyfie geïdentifiseer is nie.

3.12 Alle vreemde perde wat vir keuring voorgehou word, se ouderdom moet bewys kan word, hetsy deur bewys van ‘n veearts sertifikaat of enige ander gesertifiseerde bewys.

3.13 Alle gekeurde vreemde perde (of waarvan een van die ouers vreemd is), vanaf 2018 se vullens moet op ses maande deur drie keurders gekeur word. Indien die keurders nie tot ‘n beslissing kan kom nie, kan hulle besluit om die vul te laat oorstaan om weer op ‘n latere stadium te keur.

4. NAME

4.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir inskrywing in die Kuddeboek nie tensy dit duidelik gemerk en uitdruklik van 'n naam of nommer, wat die naam verteenwoordig, voorsien is. Die Raad het die reg om enige aansoek ten opsigte van 'n dier wat na sy oordeel nie duidelik gemerk is nie, of 'n misleidende naam het, te weier.

4.2 Geen naam, insluitende die voorvoegsel, mag 30 spasies oorskry nie.

4.3 Indien die naam van 'n dier eers geregistreer is, kan dit daarna nie weer gewysig of verander word nie, tensy die naam 'n ooglopende fout openbaar, in welke geval die naam dan net op 'n manier verander sal word as wat nodig is om die fout te herstel.

4.4 Geregistreerde of aangetekende perde van ander rasse sal onder dieselfde naam in die Suid-Afrikaanse Vlaamperdtelersgenootskap se boeke ingeskryf word met 'n aanduiding agter die naam van die dier se oorspronklike ras.

5. KENNISGEWING VAN GEBOORTES

5.1 Die teler van 'n vul van 'n geregistreerde merrie, of 'n merrie wat vir registrasie in aanmerking kom, moet die Genootskap van die geboorte van die vul in kennis stel, ongeag of so 'n vul lewend of dood gebore is, raseg of 'n kruising is, of vir registrasie behou word, al dan nie.

5.2 Kennisgewings van elke geboorte moet op die voorgeskrewe geboortekennis-gewingvorm geskied (Bylae G), in alle opsigte behoorlik voltooi en deur die teler onderteken en nie later nie as 30 dae na die geboortedatum van die betrokke vul aan die Sekretaris gestuur word vir indiening by die Vereniging.

5.3 Ongeag Subverordening 5.2 kan die Raad 'n kennisgewing van geboorte aanvaar wat die Sekretaris bereik meer as 30 dae maar minder as 90 dae na die geboorte van 'n vul, indien die kennisgewing verder in orde is. Op voorwaarde dat met die kennisgewing ook die boete ingesluit word wat van tyd tot tyd deur die Raad daarvoor voorgeskryf mag word (Bylae A). Kennisgewing van geboortes wat meer as 90 dae na die geboorte van 'n vul deur die Sekretaris ontvang word, sal slegs aanvaar word onderhewig aan die goedkeuring van die Raad en aan die betaling van 'n boete soos wat die Raad mag bepaal.

5.4 In die geval van veelvoudige geboortes moet die teler benewens die gegewens wat gewoonlik verlang word ook op die geboortekennisgewingvorm van elke vul die naam en geslag van 'n ander vul of vullens aandui.

5.5 Elke teler sal 'n voorraad van geboortekennisgewingvorms hou wat in boekvorm gebind en agtereenvolgens genommer is en op aanvraag deur enige teler van die Sekretaris verkrygbaar is teen 'n prys wat van tyd tot tyd bepaal sal word.

5.6 Wanneer 'n teler kennis van geboorte van 'n vul gee moet die afskrif van sodanige vorm so voltooi word dat die inligting wat daarop verskyn in alle opsigte ooreenstem met die gegewens op die oorspronklike vorm of vorms wat aan die Sekretaris gestuur is. Al die afskrifte moet deur die teler in die boek waarin dit gebind is bewaar word op so 'n manier dat dit te alle redelike tye beskikbaar is vir insae en kontrolering. Inskrywings in die geboortekennisgewings-boeke moet agtereenvolgens gedoen word en geen duplikaat mag uitgeskeur of vernietig word nie.

5.7 Op ontvangs van 'n geldige vereiste kennisgewing van geboorte van 'n lewendige vul, wat nie tot niet gemaak word nie, moet die geboortekennisgewing nagegaan word en die besonderhede ingeskryf word in die boeke van die Genootskap en ontvangs daarvan aan die teler erken word.

5.8 In gevalle waar vullens wat geskik is vir registrasie verkoop of andersins vervreem word, moet die Genootskap binne 30 dae na verkoop of vervreemding daarvan in kennis gestel word, meldende -

(a) die datum van verkoop of vervreemding; en
(b) die volle naam en adres van die koper.

5.9 Die bepaling van Verordening 5.8 geld ook vir vullens wat nog suip wat saam met hul moeders verkoop of vervreem word, altyd inagnemende dat vullens wat so verkoop word se geboortes deur die teler by die Genootskap aangemeld was.

5.10 Die Raad sal toesien dat daar namens elke teler rekords gehou word van alle geboortes van vullens (hetsy lewendig of doodgebore) waarvan die teler die Sekretaris behoorlik in kennis gestel het en ook van sodanige ander besonderhede as wat nodig geag mag word.

5.11 Diere ten opsigte waarvan geboortekennisgewings ontvang en in orde gevind is, word in die Vulboek ingeskryf en sal daarin bly totdat dit aanvaar word vir registrasie, of afgekeur of gekanselleer word.

6. DEKKING- EN INSEMINERINGSERTIFIKATE EN DIE GESAMENTLIKE BESIT VAN HINGSTE

6.1 Dekking-/Insemineringsertifikate

6.1.1 Indien dragtige merries verkoop word moet die verkoper 'n dekking-/inseminasiesertifikaat aan die koper voorsien (afhangende of bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering teweeggebring is). Die dekkingsertifikaat moet die identifikasie-merke en registrasienommers van die betrokke hings en merrie verstrek asook die dekkingsdatum.

6.1.2 Ingeval die presiese datum van dekking nie bekend is nie, moet die dekkingsertifikaat die tydperk aandui wat die betrokke merrie en genoemde hings saam geloop het en verder dat die betrokke merrie nie gedurende daardie tydperk deur enige ander hings gedek kon gewees het nie.

6.2 Gesamentlike Besit van Hingste

6.2.1 Wanneer 'n hings oorgedra word aan gesamentlike eienaars, moet die volle naam en adres van elke mede-eienaar op rekord wees by die Genootskap en die Vereniging.

6.2.2 Indien 'n vroulike dier wat die eiendom van 'n ander teler as een van die mede-eienaars van die hings deur die betrokke hings gedek word, moet 'n dekkingsertifikaat soos wat ooreenkomstig Verordening 6.1 vereis word, geteken word namens al die mede-eienaars, deur ten minste een van die mede-eienaars.

6.2.3 Die mede-eienaars en gebruikers van 'n hings is onderworpe aan die bepalings van die Wet.

7. DRAGTIGINGS- EN INTERVULLINGSPERIODE

Die dragtigingsperiode wat ten opsigte van die ras erken word, is ongeveer 340 dae. Die minimum dragtingsperiode is 310 dae en die maksimum 360 dae. Geen dragtigingperiode buite hierdie tydbestek sal sonder spesiale goedkeuring van die Raad erken word nie tensy ouerskap deur DNS bevestig word. Die minimum aanvaarbare periode tussen die geboortedatums van twee agtereenvolgende vullens uit een merrie is 315 dae.

8. VEREISTES VIR REGISTRASIE

8.1 Geen Suid-Afrikaansgeteelde Suid- Afrikaanse Vlaamperd sal vir registrasie oorweeg word nie, tensy behoorlik kennis van geboorte ingedien was en beide ouers van sodanige dier by die Vereniging geregistreer is uitgesluit diere vermeld in Verordening 1.1.1(a).

8.2 Uitgesluit diere vermeld in Verordening 1.1.1(a), sal geen Suid-Afrikaansgeteelde Suid-Afrikaanse Vlaamperd aanvaar word vir registrasie nie tensy die vader en moeder deur die Raad aanvaar en geïdentifiseer was ten tyde van die geboorte van die vul.

8.3 Geen dier wat nie aan die minimum standaard soos deur die Raad neergelê is voldoen nie, sal vir registrasie in aanmerking kom nie.

8.4 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede wat op die geboortekennisgewing/ aansoek om registrasie en meegaande dekkingsertifikaat van 'n dier verskyn, mag die dier na oordeel van die Raad van registrasie uitgesluit word.

8.5 Die registrasie van alle diere van die ras deur die Vereniging word op aanbeveling van die Genootskap gedoen, en elke teler wat sulke perde het moet 'n rekord hou, waarin die geboortedatums van alle vullens aangeteken word tesame met besonderhede oor die geslag en teling asook van verkope, vrektes, kastrasies, steriliserings, ens. in gebreke waarvan verdere inskrywings deur die Raad gediskwalifiseer of geweier mag word. Telers kan te eniger tyd deur die inspekteur gelas word om sodanige verslae vir inspeksie voor te lê.

8.6 Die geboortekennisgewing/aansoek om registrasie sal die volgende verklaring bevat -
"Ek verklaar dat die afstammeling, telingsbesonderhede en identifikasiemerke van die dier/diere wat hierin beskryf is juis is en dat aan al die vereistes van die Grondwet van die Genootskap en die Vereniging met betrekking tot geboortekennisgewings voldoen is."

8.7 Geen geboortekennisgewing/aansoek om registrasie van 'n dier wat *in utero* ingevoer is, sal deur die Raad aanbeveel word nie tensy die moeder deur die Vereniging geregistreer is en tensy die aansoek vergesel gaan van -

(a) 'n dekkingsertifikaat geëndosseer deur die rasgenootskap in die land van oorsprong of deur 'n insgelyks geëndosseerde insemineringsertifikaat (afhangende daarvan of die bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering veroorsaak is); en

(b) bewys dat die ouers voldoen aan die vereistes soos deur die Raad van tyd tot tyd bepaal.

8.8 Aansoekvorms met betrekking tot perde wat kunsmatig verwek is of ontstaan het deur inovulering moet so geëndosseer word. Ook moet alle registrasiesertifikate wat deur die Vereniging uitgereik word ten opsigte van enige dier wat deur kunsmatige inseminering verwek is of ontstaan het deur inovulering onderskeidelik die afkorting "Kl" of "ET" agter die naam van die dier op enige sodanige registrasiesertifikaat bevat.

8.9 Geen dier wat ingevoer word sal geskik vir registrasie wees nie tensy die aansoek vir registrasie vergesel gaan van -

(a) 'n sertifikaat van registrasie of uitvoer uitgereik deur 'n bevoegde gesag in die land van herkoms;

(b) 'n bewys tot dien effekte dat die betrokke dier aan die vereistes soos van tyd tot tyd bepaal, voldoen; en

(c) 'n volledige twee-generasie uitgebreide stamboom.

8.10 Op alle ingevoerde diere waarvoor 'n aansoek vir registrasie ingedien word, moet onuitwisbare identifikasiemerke wees soos op die registrasie- en/of invoer-sertifikaat voorkom en wat tot bevrediging van die Genootskap en die Vereniging is. Waar geen uitkenningsmerke voorkom nie, moet bewys van identiteit tot bevrediging van die Genootskap en die Vereniging gelewer word.

8.11 Elke aansoek om registrasie van 'n ingevoerde dier moet vergesel gaan van 'n verklaring van die aansoeker met die strekking dat -

(a) die aansoeker/s die *bona fide* invoerder/s van die betrokke rasegte dier is;
(b) 'n permanente identifikasiemerk soos op die registrasie- en/of uitvoersertifikaat aangedui op die dier voorkom;
(c) die dier verkoop was en uit die besit van die verkoper op die datum soos aangedui en dat die dier na Suid-Afrika verskeep en/of vervoer was op die datum soos aangedui; en
(d) die dier op die datum soos aangedui op die bestemming aangekom het.

8.12 Registrasiesertifikate sal deur die Vereniging uitgereik word ten opsigte van alle ingevoerder diere.

8.13 Nageslag verwek deur kunsmatige inseminering in ooreenstemming met die vereistes van die Grondwet en die Wet uit geregistreerde merries of merries wat vir registrasie geskik is, met ingevoerde semen sal geskik wees vir registrasie mits 'n aanvaarbare uitgebreide twee-generasiestamboom en 'n DNS-sertifikaat van die semenskenker aan die Genootskap en die Vereniging voorgelê word.

8.14 Ingevolge die bepalings van die Wet sal die Registrateur geen magtiging verleen vir die invoer van 'n dier, semen of eierselle nie, tensy -
(a) daarvoor aansoek gedoen is op die voorgeskrewe wyse en in sodanige vorm as wat die Registrateur mag bepaal;
(b) die aansoek vergesel gaan van sodanige dokument as wat voorgeskryf of deur die Registrateur bepaal is;
(c) die voorgeskrewe gelde op die voorgeskrewe wyse betaal is; en
(d) dit deur die Raad aanbeveel en deur die Vereniging bekragtig is.

8.15 Geen sodanige magtiging vir invoer sal deur die Raad aanbeveel word nie tensy die standaard van die betrokke dier of dié van die skenker van die betrokke semen of eiselle (ook, in die geval van 'n embrio, die skenker van die semen wat die eisel bevrug het waaruit die genoemde embrio ontstaan het) aan die vereistes vir registrasie van 'n ingevoerde dier voldoen. Met dien verstande dat sodanige gegewens gesertifiseer is deur 'n goedgekeurde liggaam in die land van oorsprong.

8.16 Aansoeke vir die registrasie van ingevoerde diere of die registrasie van diere wat verwek is uit ingevoerde semen of eiselle sal vergesel gaan van outentieke uitvoersertifikate wat deur sodanige bevoegde gesag in die land van oorsprong uitgereik is soos van tyd tot tyd deur die Genootskap en die Vereniging goedgekeur.

8.17 Die betrokke uitvoersertifikaat sal die volledige besonderhede van teling, ouderdom en identifisering aandui -
(a) van die uitgevoerde dier, sowel as die nodige inligting met betrekking tot die oordrag daarvan van die teler en/of eienaar daarvan na die naam/name van die persoon/persone namens wie registrasie verlang word; en

(b) in die geval van 'n merrie wat voor uitvoer gedek is, sal dit vergesel gaan van 'n dekkingsertifikaat wat deur die eienaar (of sy behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger) onderteken is, van die hings wat die merrie gedek het en wat in 'n Kuddeboek wat deur die Genootskap en die Vereniging goedgekeur is, geregistreer moet wees; en

(c) in die geval van 'n merrie wat voor uitvoer geïnsemineer is, sal dit vergesel gaan van 'n kunsmatige insemineringsertifikaat wat deur die insemineerder en die eienaar (of sy behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger) onderteken is, van die merrie: die semenskenker moet in 'n Kuddeboek wat deur die Genootskap en die Vereniging goedgekeur is, geregistreer wees.

8.18 In die geval van 'n dier wat verwek is deur ingevoerde semen of 'n ingevoerde eisel, sal die betrokke uitvoersertifikaat onderskeidelik die volgende aandui: die volledige besonderhede van die inteling, ouderdom en identifisering van die skenker van die

semen/eisel van die teler en/of eienaar van die betrokke skenker na die naam van die invoerder.

8.19 Aansoek vir inspeksie en registrasie van ingevoerde diere moet binne 90 dae na hul aankoms in die land gedoen word.

9. INSPEKSIES EN PLIGTE VAN DIE INSPEKTEUR/S

9.1 Die Raad sal 'n inspekteur/s aanstel om alle diere, soos wat deur die Raad bepaal mag word, te keur.

9.2 Inspekteurs sal die neergelegde keuringstelsel toepas (Bylae 1).

9.3 'n Inspekteur sal elke dier wat vir registrasie in Hulpstamboek A in aanmerking kom keur nadat die geboortekennisgewingsbewys daarvan aan hom voorgelê is, behalwe in die geval van die nageslag van parings van geregistreerde SA Vlaamperde. Hy moet homself vergewis dat die kleur, identifikasie, ouderdom, ens van die dier reg aangegee is en ooreenstem met die dier wat vir inspeksie aangebied word. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die dier in alle opsigte voldoen aan die rasstandaard en aan minimum prestasievereistes soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal. Enige verskil of teenstrydigheid kan so 'n dier diskwalifiseer vir registrasie in die Kuddeboek en sal verslag van gegee word aan die Raad.

9.4 Enige vul met wit en met ‘n opsigtelike gebrek moet onder die Sekretaris se aandag gebring word. Sodanige dier is onderhewig aan inspeksie.

9.5 Die inspekteur het die mag om na eie oordeel enige dier oor te hou vir inspeksie tot die volgende besoek.

9.6 Enige teler wat nie met 'n inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na die inspeksie appél aanteken by die Sekretaris. Sodanig appél moet van 'n deposito, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word, vergesel gaan. 'n Appélraad wat deur die Raad van die Genootskap aangewys word, en wat uit ten minste drie persone bestaan sal dan die betrokke dier of diere inspekteer en indien die appél slaag, sal die deposito terugbetaal word. Indien nie, verbeur die appellant sy deposito en is verantwoordelik vir alle bykomstige kostes.

9.7 Telers sal vroegtydig van die tyd en datum van die inspekteur se voorgenome besoek in kennis gestel word.

9.8 Spesiale inspeksies kan slegs met toestemming van die Uitvoerende Komitee plaasvind indien die aansoeker die reis- en ander kostes van die inspekteur betaal en indien die inspekteur beskikbaar is.

9.9 'n Inspekteur/s mag in opdrag van die Raad van tyd tot tyd sonder vooraf waarskuwing 'n algemene inspeksie van enige stoet doen.

9.10 'n Inspekteur/s mag nie tydens hul inspeksies instruksies of kommissie van telers of nie-lede aanvaar om die koop en verkoop van diere te bewerkstellig nie.

9.11 Geen teler mag optree as inspekteur van sy eie diere nie.

9.12 Inspeksiegelde soos van tyd tot tyd bepaal mag word sal in alle gevalle deur die applikant betaalbaar wees.

10. REKORDS VAN DIERE

10.1 Perde wat in die Vulboek ingeskryf is en wat voldoen aan die vereistes met betrekking tot inspeksie en registrasie soos in die Verordeninge neergelê is, word in die Kuddeboek ingeskryf.

10.2 Die Kuddeboek sal die nommer, die vader en moeder se nommers, die datum van geboorte, die naam van die teler en eienaar, die datum van inspeksie en besonderhede van klassifikasie van elke dier daarin opgeneem, bevat.

10.3 Op aansoek deur die Genootskap sal sertifikate van registrasie deur die Vereniging uitgereik word, ten opsigte van alle diere wat in die Kuddeboek ingeskryf is. Sodanige sertifikate sal die besonderhede van die mikruskyf en die stamboom toon.

11. REËLS MET BETREKKING TOT KUNSMATIGE INSEMINERING (K.I.)

11.1 Diere wat in ooreenstemming met die Wet deur kunsmatige inseminering verwek is, sal vir registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot registrasie *mutatis mutandis* voldoen is.

11.2 Geen geboortekennisgewing van diere wat so verwek is, sal met die oog op registrasie deur die Genootskap aanvaar word nie, tensy dit geëndosseer is "deur Kunsmatige Inseminering verwek".

11.3 Indien verskillende hingste vir die verskaffing van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde merrie, minder as 50 dae uitmekaar, sal geen nageslag wat verwek word vir registrasie in aanmerking kom nie, ongeag die bepalings van Subverordening 11.1 hiervan tensy die vaderskap deur [bloedtipering] ‘n DNS toets of enige ander bewese wetenskaplike metode vir die bevestiging van ouerskap, bevestig is.

11.4 Die Genootskap en die Vereniging behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy telers.

11.5 Die Genootskap behou die reg om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, te laat registreer indien enige van die reëls en regulasies wat deur die Genootskap neergelê is, nie ten volle nagekom is nie.

11.6 Telers wat in die gebied buite Suid-Afrika woonagtig is en wat die voorregte van die registrasie van diere geniet onder die bepalings van die Grondwet, mag aansoek doen om die registrasie van kunsmatig verwekte nageslag : Op voorwaarde dat die semen verkry word van 'n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die hantering daarvan, die inseminering van diere en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

11.7 Onderhewig aan die bepalings van die Wet mag individuele telers onbeperkte hoeveelhede semen van hul eie hingste vir gebruik op hul eie merries opvang, bevries en vir 'n onbepaalde tydperk opberg.

11.8 Indien 'n dier waarvan semen opgevang is vir kunsmatige inseminering, verkoop word moet die verkoper van sodanige dier 'n sertifikaat aan die nuwe eienaar daarvan verstrek waarin aangedui word dat semen van die hings voor sodanige verkoop aldus opgevang is, en waarin die name van alle vorige eienaars van die dier aangedui word en hy moet 'n afskrif van sodanige sertifikaat aan die Vereniging verstrek.

11.9 Onderhewig aan die bepalings van Artikel 7(5) van die Wet, sal die afstammelinge wat deur die gebruik van bevrore semen verwek word vir registrasie in aanmerking kom : Met dien verstande dat -

(a) volledige besonderhede van eienaarskap van die betrokke dier aan die Genootskap en die Vereniging voorgelê is;

(b) die DNS-laboratoriumnommer van die dier by die Genootskap en die Vereniging ingedien is; en

(c) daar aan al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboorte-kennisgewing of registrasie voldoen is (waar dit van toepassing is).

12. REËLS MET BETREKKING TOT DIE OPVANG VAN EISELLE EN EMBRIO-OORPLASINGS (E.O.)

12.1 Nageslag wat in ooreenstemming met die bepalings van die Wet deur embrio-oorplasings ontstaan het, sal vir registrasie in aanmerking kom: Op voorwaarde dat -

(a) aan die vereistes van die Wet en die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is;

(b) ouerskap van elke vul voortspruitend uit 'n eisel-oorplanting deur DNS bevestig is;

(c) die volgende dokumente binne 120 dae na inovulering by die Vereniging ingedien word :

(i) die DNS-laboratoriumnommers van die eiselskenker, die semen-skenker en die embrio-ontvanger; en

(ii) 'n sertifikaat deur 'n veearts, embrio-oorplaser of in die geval van binnekudde embrio-oorplasing die eienaar of 'n persoon voltyds in sy diens te dien effekte dat die bepalings van die Wet nagekom is;

(d) die geboortekennisgewing moet vergesel gaan van 'n DNS-laboratorium-nommer van die betrokke nageslag en 'n sertifikaat te dien effekte dat ouerskap soos aangegee korrek is;

(e) beide die semenskenker en die eiselskenker vir sodanige doeleindes deur die Raad goedgekeur is wie ook die reg sal hê om die aantal nageslag wat ontstaan het van die eiselle van 'n enkele eiselskenker, te beperk vir aanvaarding vir registrasie; en

(f) nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het sal vir registrasie aanvaar word onderworpe daaraan dat die betrokke nageslag geïnspekteer word en voldoen aan die minimum vereistes soos deur die Raad bepaal mag word vir die betrokke afdeling van die Kuddeboek.

12.2 Telers wat in die Gebied buite Suid-Afrika woonagtig is sal die voorreg om registrasie geniet ooreenkomstig die bepalings van die Wet en mag aansoek doen vir registrasie van nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het: Op voorwaarde dat die eiselle verkry is van 'n bron wat deur die Genootskap en die Vereniging goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van eiselle, die hantering daarvan, die embrio-oorplasing van diere en die hou van verslae op so 'n wyse gedoen word as wat die Vereniging van tyd tot tyd mag bepaal.

12.3 Indien 'n merrie waarvan eiselle opgevang was vir die doel van inovulering verkoop word, moet die verkoper van sodanige merrie aan die nuwe eienaar 'n sertifikaat verstrek waarin dit aangedui word dat eiselle van sodanige merrie opgevang was voor die datum van verkoop en moet hy die Genootskap en die Vereniging van 'n soortgelyke sertifikaat voorsien.

12.4 Die Genootskap en die Vereniging behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het vir registrasie aan te beveel indien enige van hierdie Verordeninge nie ten volle nagekom is nie.

12.5 Nageslag wat deur embrio-oorplasing met ingevoerde embrio's ontstaan het, sal vir registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is.

12.6 Die vereistes vir registrasie sal dieselfde wees as dié vir ingevoerder diere.

12.7 Sodanige ingevoerde embrio's moet in die land van oorsprong opgevang word deur 'n bevoegde liggaam (goedgekeur deur die Direktoraat: Dieregesondheid) van eiselskenkers

wat aan die minimum vereistes voldoen soos deur die Genootskap bepaal en goedgekeur is deur die Vereniging vir die invoer van eiselle en, indien bevrug, moet sodanige eiselle bevrug wees met die semen van 'n hings wat eweneens aan die minimum vereistes voldoen soos bepaal deur die Genootskap en goedgekeur is deur die Vereniging.

13. INGEVOERDE EISELLE

Die geboortekennisgewing van nageslag wat deur embrio-oorplasing met ingevoerde eiselle ontstaan het, moet, onderhewig aan die bepalings van Verordening 12, ook vergesel gaan van -

(a) 'n sertifikaat deur 'n erkende bevoegde liggaam in die land van oorsprong uitgereik en waarop aangedui word -
   (i) die naam, identifikasie- en registrasienommer van die eiselskenker;
   (ii) die datum en plek van opvangs;
   (iii) die aantal lewensvatbare eiselle opgevang van die betrokke eiselskenker;
   (iv) dat die eiselle opgevang is vir uitvoer na die Gebied; en
   (v) die naam en adres van die invoerder; en

(b) in die geval van 'n embrio ook 'n sertifikaat behoorlik geteken deur 'n erkende bevoegde liggaam in die land van oorsprong en waarop aangedui word -
   (i) dat die bevrugting deur kunsmatige inseminering teweeggebring is; en
   (ii) die naam, identifikasie- en registrasienommer van die betrokke semenskenker asook die datum en plek van inseminering.

14. REGISTRASIESERTIFIKATE

14.1 Veranderings of Byvoegings op Registrasiesertifikate

Enige wysigings van of byvoeging tot die inligting of besonderhede wat amptelik op enige registrasiesertifikaat voorkom en wat nie deur die Hoofbestuurder van die Vereniging geparafeer is nie, of enige ongemagtigde endossement of opmerking op sodanige sertifikaat sal sodanige sertifikaat ongeldig maak.

14.2 Duplikaat Registrasiesertifikate

(a) 'n Duplikaat van die oorspronklike registrasiesertifikaat van 'n dier sal op <u>'n skriftelike</u> aansoek aan die Vereniging, <u>en na goedkeuring deur die Genootskap,</u> uitgereik word indien daar tot bevrediging van die Vereniging bewys gelewer kan word dat die oorspronklike verlore is, per ongeluk vernietig is, of in die besit is van 'n persoon wat verkeerdelik weier om dit aan die persoon wat daarop geregtig is, te oorhandig.

(b) Die aansoek om 'n duplikaat registrasiesertifikaat moet vergesel gaan van 'n verklaring deur die aansoeker, wat die eienaar van die betrokke dier moet wees. Sodanige aansoek en verklaring moet aan die Sekretaris gerig word, tesame met sodanige gelde as wat die Raad van tyd tot tyd mag voorskryf.

14.3 Kennisgewing van Gebeure wat die Kansellering van Registrasie- en Geboortekennisgewingsertifikate noodsaak

Indien 'n dier wat geregistreer is of vir registrasie in aanmerking kom vrek, gekastreer of gesteriliseer word, of vir ander dan teeltdoeleindes verkoop word, moet die Sekretaris binne 30 dae na sodanige gebeure daarvan in kennis gestel word en die registrasiesertifikaat of die geboortekennisgewingsertifikaat van sodanige dier moet terselfdertyd aan die Sekretaris van die Genootskap teruggestuur word met die datum van die onderskeie gebeure behoorlik daarop geëndosseer. Sodanige registrasie- en geboortekennisgewingsertifikate moet onverwyld aan die Vereniging gestuur word vir kansellering. In die geval van kastrasie van 'n hings, moet die datum van kastrasie op die registrsiesertifikaat aangebring word. Die kastrering sal deur die Vereniging op die registrasiesertifikaat geëndosseer word en die betrokke dokument weer aan die eienaar versend word.

14.4 Sertifikaat van Uitgebreide Stamboom

Enige persoon mag deur die Genootskap by die Vereniging aansoek doen om 'n sertifikaat van 'n uitgebreide stamboom met betrekking tot 'n dier wat geregistreer is of ten opsigte waarvan 'n geboortekennisgewingbewys uitgereik is en indien moontlik sal so

'n sertifikaat van uitgebreide stamboom uitgereik word. Elke sodanige aansoek moet van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

14.5 Uitvoersertifikate

Registrasiesertifikate deur die Vereniging uitgereik, is die uitvoersertifikate van die Genootskap.

15. BEVESTIGING VAN OUERSKAP

Ongeag die bepalings van Verordening 7 behou die Raad die reg voor om te eniger tyd indien dit nodig geag word, 'n DNS-toets van enige dier te vereis met die oog op ouerskapbepaling. Die koste verbonde aan sodanige ouerskapbepaling sal deur die eienaar gedra word. In gevalle waar die Genootskap dit vereis en die toetse positief is, soos op die Vulkennisgewing aangedui, dra die Genootskap slegs die laboratoriumkoste. Indien toetse toon dat die besonderhede op die Vulkennisgewing foutief is, is die teler vir alle koste verantwoordelik. In gevalle waar enige twyfel bestaan aan die kant van die teler of eienaar met betrekking tot die ouerskap van 'n dier, en 'n DNS-toets uitgevoer word, moet die koste deur die persoon gedra word wat daarvoor aansoek gedoen het.

16. BIO-BANK

16.1 Vanaf 1 Januarie 2013 moet alle geboortekennisgewings vergesel gaan van ‘n haarmonster van die betrokke vul.

16.2 Slegs stert- en/of maanhare met duidelike haarwortels van ‘n dier sal vir hierdie doel geskik wees.

17. OODRAGTE

17.1 Vir alle verkope of verwisseling van eienaarskap van geregistreerde diere of diere wat vir registrasie in aanmerking kom of embrio-ontvangers, moet aansoek vir oordrag aan die koper of nuwe eienaar gedoen word deur die verkoper of oordraer wat die oordraggelde moet betaal.

7.2 Sodanige aansoek om oordrag moet binne 30 dae na die oordragdatum van die betrokke dier aan die Sekretaris ~~[gepos of oorhandig]~~ gestuur word op voorwaarde dat indien die aansoek later as 30 dae maar minder as 60 dae na die oordragdatum aan die Sekretaris ~~[gepos of oorhandig]~~ gestuur word of meer as 60 maar minder as 90 dae na dié datum, die gelde wat met betrekking tot die oordrag verskuldig sal wees, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.

17.3 'n Aansoek om sodanige oordrag wat meer as 90 dae na die oordragdatum aan die Sekretaris ~~[gepos of oorhandig]~~ gestuur word, sal deur die Raad oorweeg word en kan aanvaar word na die betaling van sodanige gelde as wat die Raad mag bepaal.

17.4 'n Aansoek om die oordrag van 'n dier moet vergesel gaan van die geboortekennis-gewingsertifikaat, registrasiesertifikaat van die betrokke dier waarop die volle naam en adres van die nuwe eienaar asook die handtekening van die verkoper of oordraer en die oordragdatum ingevul is in die spasie wat daarvoor op die sertifikaat gelaat is.

17.5 Vir die doel van voorafgaande Subverordening 17.4 word die oordragdatum gereken as die datum waarop die dier die besit van die verkoper of oordraer verlaat.

17.6 Indien dragtige merries verkoop word moet die verkoper 'n dekking- of inseminering-sertifikaat aan die koper voorsien (afhangende of bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering teweeggebring is). Die dekkingsertifikaat moet die identifikasiemerke en registrasienommers van die betrokke hings en merrie verstrek asook die dekkingsdatum.

17.7 Verandering van eienaarskap sal as plaasgevind beskou word indien -

(a) 'n dier verkoop, geruil of geskenk is;

(b) 'n dier geërf is;

(c) 'n vennootskap ontbind is; en

(d) 'n hings geregistreer is in die naam van twee of meer eienaars en enigeen (of meer) afstand doen van sy/hul aandeel in die hings wat so geregistreer is of om enige rede afstand doen van sy/hul belange in genoemde geregistreerde hings.

17.8 Indien die Raad van mening is dat die verkoper of oordraer heeltemal in gebreke bly of weier om enige stappe te doen ten uitvoer van sodanige oordrag en in gebreke bly of weier om die oorspronklike registrasiesertifikaat of geboorte-kennisgewingsertifikaat te verskaf en indien die nuwe eienaar bereid is om sodanige gelde as wat die Raad mag voorskryf, te betaal, mag die Raad met die toestemming van die Vereniging, sodanige stappe doen as wat nodig geag mag word om te voldoen aan die wense van die koper of nuwe eienaar, op voorwaarde dat in so 'n geval die boetebepalings wat in Subverordeninge 17.2 en 17.3 hiervan neergelê is, op die nuwe eienaar van toepassing is.

17.9 In gevalle van oordrag tussen eggenotes of van ouer na kind of van kind na ouer (insluitende aangetroude- en kleinkinders), ongeag die feit of dit deur verkoop, skenking of nalating geskied, sal slegs die helfte van die voorgeskrewe gelde betaalbaar wees.

18. HERSTEL VAN DIERE IN DIE KUDDEBOEK

Indien die geboortekennisgewingsertifikaat of registrasiesertifikaat van 'n dier gekanselleer is, sal sodanige dier slegs op aanbeveling van die Raad in die Kuddeboek herstel word : Op voorwaarde dat die aansoek om herstelling van die dier deur dieselfde persoon aangevra word wat om die kansellering daarvan aansoek gedoen het. Die aansoek om die herinstelling van 'n dier moet vergesel gaan van die gelde wat van tyd tot tyd hiervoor deur die Raad bepaal word.

19. KANSELLERING VAN REGISTRASIE

19.1 Die Raad mag die Sekretaris versoek om by die Vereniging aansoek te doen om die kansellering van die registrasie van enige dier wat –

(a) verkeerdelik geregistreer is;

(b) geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is; of

(c) geregistreer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan enige verordeninge waaraan voldoen moes word om te verseker dat die registrasie foutloos geskied.

19.2 Voordat daar so om die kansellering van 'n registrasiesertifikaat aansoek gedoen word, moet die Sekretaris die eienaar van die dier minstens 30 dae voor die tyd skriftelik, na sy jongste bekende adres, kennis gee van sy voorneme om dit te doen.